basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2011

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

Goedgekeur
Brits (Eksterne moderator) 16/11/11
JH Fourie (eksterne moderator) 16/11/11
Mari Smit (Interne Moderator) 16/11/11.

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2011 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKELS EN GRAFIESE TEKSTE

### Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel:
  1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u>
  1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
  - As die leerder se WAAR/ONWAAR/FEIT/MENING reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
  - As die WAAR/ONWAAR/FEIT/MENING verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Geen penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word 'n aanhaling gevra.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter OF die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

Kopiereg voorbehou

**TEGNO-SM(S)LIM**

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyn | Punt | AS | LU | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | By beide moet jy versigtig wees /(twee keer) dink./ Dis by beide belangrik om veilig te wees./Dit is ewe onveilig./By beide moet jy seker maak./Beide kan jou skade berokken./**Albei is gevaarlik.**/Beide kan probleme skep.√ | *Albei kante van die saak moet genoem word of geïmpliseer wees. Die volgende sal byvoorbeeld nie aanvaar word nie: As ek nie links en regs kyk voor ek die pad oorsteek nie, kan ek probleme ervaar (d.w.s. slegs een kant van die saak is hier gestel) .(Die woord "beide" hoef nie in die antwoord voor te kom nie.) (Jy moet links en regs kyk, is nie aanvaarbaar nie.)* | 1 | 2.1 | 2 | 1 |
| 1.2 | Wat jy sien en lees, kan jou negatief beïnvloed./Wat jy sien en lees, bly vassteek en kan negatiewe optrede tot gevolg hê.√ | *In die antwoord moet 'n negatiewe betekenis oorgedra word. Dit gaan oor die woord "mors" wat verduidelik moet word.* | 1 | 2.1<br>2.10 | 2 | 2 |
| 1.3 | Dit is kinders/tieners wat hierby (tegnologie) betrokke is/wat hul hieraan skuldig maak./Dit is kinders/tieners wat emosionele letsels opdoen.√ | *Dit gaan hier in wese oor kinders/tieners. (Indien omslagtige sin as antwoord gegee word, moet volledige antwoord in ag geneem word solank kandidaat by die essensie van kinders/tieners uitkom. Indien meer as een antwoord aangebied word, word die eerste respons geassesseer.)* | 1 | 1.6 | 2 | 3 |
| 1.4.1 | Ja.<br>As jy kyk na watter skade tieners ander al berokken het met tegnologie, bewys dit dat hulle nie die gevare besef nie. (Enige soortgelyke antwoord.)/ Daar is voorbeelde in die nuusmedia/koerante/tekste van tieners wat te ver gegaan het en in die moeilikheid beland het./Die tieners dink net aan die hier en nou en nie noodwendig aan die toekoms nie./Tieners dink hulle is onaantasbaar wanneer hulle met tegnologie omgaan. √√<br>OF | *Slegs die motivering verdien punte. Die antwoord verdien dus 0 of 2. Die ja-motivering moet hier 'n negatiewe konnotasie impliseer. (Indien "ja" of "nee" nie in die antwoord aangebied is nie, maar die motivering is korrek en dit <u>impliseer</u> 'n "ja" of 'n "nee", verdien kandidaat 2 punte. Die ja of nee moet met die motivering sluit.)* | | | | |

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyn | Punt | AS | LU | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nee.<br>Tieners is goed ingelig (bv. seminare) rondom die gevare van tegnologie. √√ | | 2 | 2.10 | 2 | 4 |
| 1.4.2 | Hy is die **besturende direkteur** van BulkSMS./ Hy lei seminare oor die gevare van tegnologie./Hy lewer praatjies by skole./ Hy lewer praatjies by die Kindertraumakliniek./ Aangesien hy praatjies en seminare lewer, is hy 'n kenner. √ | | 1 | 2.1 | 2 | 1 |
| 1.5 | Feit. √<br>Die inligting is deur internetnavorsers nagevors./ Daar is navorsing oor die onderwerp gedoen. √ | *Kandidate moet hier twee punte verdien ongeag die antwoord wat aangebied is.* | 2 | 2.3 | 2 | 3 |
| 1.6 | "derde hand" √ | *Antwoord hoef nie met aanhalingstekens aangebied te word nie. Die twee woorde moet duidelik in die sin aangedui word indien die kandidaat die antwoord in 'n sin aanbied.* | 1 | 2.1 | 2 | 1 |
| 1.7 | "kwaadwillig" √ | *Geen aanhalingstekens is nodig nie. Die antwoord hoef nie met 'n hoofletter aangebied te word nie.* | 1 | 1.6 | 2 | 2 |
| 1.8 | tieners/kinders/ √<br>Die artikel het in Jip verskyn./Dr. Streicher lewer praatjies by skole./Hy het in sy praatjies spesifiek na tieners verwys./Al die voorbeelde wat genoem word, handel oor tieners./ Tieners maak deesdae op die verkeerde maniere van tegnologie gebruik./Hulle besef die gevare wat tegnologie inhou.√ | *Teikengroep én motivering verdien elk 'n afsonderlike punt. Die motivering moet met die teks verband hou.* | 2 | 1.2 | 2 | 3 |

## SUID-AFRIKANERS HET SWAK HIGIËNE, WYS WÊRELDSTUDIE

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.9 | "wêreldstudie" √ | *Antwoorde hoef nie met korrekte aanhalingstekens aangebied te word nie. Net "wêreld" of "wêreld-" word nie aanvaar nie.* | 1 | 2.1 | 2 | 2 |
| 1.10 | Suid-Afrikaners het nie goeie maniere nie. Suid-Afrikaners het slegte maniere./Slegte maniere √ | *Die antwoord moet maniere as kern bevat.* | 1 | 2.4 | 2 | 3 |
| 1.11 | Waar/Onwaar √ "Mense met pligsgetroue/ betroubare en senuagtige persoonlikheidstipes kry persentasiegewys minder verkoues." √ | *Antwoord hoef nie met aanhalingstekens aangebied te word nie.* | 2 | 2.1 | 2 | 3 |
| 1.12 | Iemand wat deelneem aan die studie./ Mense wat antwoord op die vrae van die navorsing. √ | | 1 | 2.1 | 2 | 1 |
| 1.13 | Brasilië/Brasilia √ | *Ignoreer verkeerde Afrikaanse spelling. Brazil/Brasil word nie aanvaar nie.* | 1 | 2.1 | 2 | 1 |
| 1.14 | Dit impliseer dat vroue higiënieser/skoner leef as mans./Vrouens maak meer skoon as mans./Mans maak minder skoon as vroue. √√ | *Kandidaat moet standpunt inneem: mans teenoor vroue/ vroue teenoor mans. (Waaksaam vir puntetoekenning).* | 2 | 2.4 | 2 | 4 |

## SUID-AFRIKA EN AUSTRALIË – GRAFIESE TEKS

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.15 | "beroepsportlui"/ "sportlui"√ | *Aanhalingstekens is nie noodsaaklik nie.* | 1 | 2.1 | 2 | 1 |
| 1.16 | graad √ | | 1 | 2.9 | 2 | 1 |
| 1.17 | Suid-Afrika se beroepspelers se kwalifikasies is van 'n swakker gehalte, want slegs 1% beskik oor 'n graad teenoor 79% van die Australiese spelers./ Baie minder Suid-Afrikaners as Australiërs het graadkwalifikasies./ Baie meer Suid-Afrikaners as Australiërs het nie 'n graadkwalifikasie nie./ In Suid-Afrika het slegs 1% van beroepspelers | *Enige samevattende sin waarin die kandidaat die grafieke korrek interpreteer. Antwoorde mag soortgelyke bewoording hê solank die basiese betekenis van swakker graadkwalifikasies teenoor beter graadkwalifikasies die kern is. Indien die kandidaat die persentasies noem, moet dit korrek wees.* | | | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | graadkwalifikasies teenoor Australië se 79%./ Suid-Afrika steek sleg af teen Australië omdat Australië baie meer spelers met naskoolse kwalifikasies as ons het./Australië het 78% meer gegradueerdes. √√ | *(bv. 0,2% is nie korrek nie).* | 2 | 2.9 | 2 | 3 |
| 1.18 | Dit brei uit op die Australiese beroepspelers se kwalifikasies./ Dit verwys na ekstra inligting wat elders op die bladsy/langs die grafiek verskaf word. √ | *Die leerder moet aandui dat hy/sy wéét dis ekstra/bykomende inligting.* | 1 | 1.3 | 2 | 2 |
| 1.19 | Suid-Afrika befonds nie opleidingsprogramme nie./ Dit dui daarop dat Suid-Afrika nie vir sy beroepspelers spesiale befondsing vir verdere studies gee nie./Suid-Afrika help nie dat beroepspelers verder kan studeer nie./Suid-Afrika heg nie waarde aan verdere studie vir beroepsportlui nie./Dis nie vir Suid-Afrika belangrik dat beroepspelers verder moet studeer nie./Suid-Afrika beskik nie oor 'n ontwikkelings-program nie. √ | *Kandidaat moet besef dat die weglaat van Suid-Afrika daarop dui dat Suid-Afrika nie geld beskikbaar stel vir spelers se studies nie. Suid-Afrika kan ook in die antwoord as Sarpa of die regering omskryf word. Kandidate kan ook slegs die ander kant noem, bv. Slegs Australië en Nieu-Seeland maak voorsiening dat hulle sportlui akademiese kwalifikasies verwerf.* | 1 | 2.2 | 2 | 3 |
| 1.20 | "verhoog"√ | | 1 | 1.6 | 2 | 3 |
| 1.21 | Ja. Australië word uitgehef (groter en ander lettertipe) om te bewys dat hulle sportlui beter toegerus is as dié van Suid-Afrika./ Dit dui op die minderwaardigheid van Suid-Afrika se beroepsportlui (se naskoolse kwalifikasies) teenoor Australië./Die feit dat Suid-Afrika in kleiner letters en in 'n ander lettertipe as Australië gedruk is, dui daarop dat Suid-Afrika se sportlui ondergeskik is aan dié van Australië wanneer dit by kwalifikasies kom./Dit dui | *Kandidaat moet in sy antwoord wys dat hy/sy die verskil in skriftipe en lettergrootte kan interpreteer en verklaar. Die antwoord moet 'n groot verskil impliseer.*<br><br>*Ja verdien nie punte nie; motivering tel 2 punte.* | | | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | daarop dat Suid-Afrika sleg afsteek teen Australië./ Australië se sportlui is beter gekwalifiseerd as dié van Suid-Afrika.√√ | | 2 | 4.1<br>1.7 | 2 | 4 |
| 1.22 | Wil inligting verstrek./ Wil mense opvoed./Om 'n vergelykende studie meer verstaanbaar te maak./Dit wys dat navorsing gedoen is./'n Grafiese teks trek 'n leser se aandag.√ | | 1 | 3.1 | 2 | 1 |
| | | | 30 | | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

| OPSOMMING VAN DENKVLAKKE: AFDELING A | | |
|---|---|---|
| **Word tegno-SM(S)lim** | | |
| **LAAG** | **MIDDEL** | **HOOG** |
| 1 | 2 | 3 |
| 40% | 40% | 20% |
| ***5/12 = 41,6%*** | ***5/12 = 41,6%*** | ***2/12 = 16,8%*** |
| | | |
| **Suid-Afrikaners het swak higiëne, wys wêreldstudie** | | |
| **LAAG** | **MIDDEL** | **HOOG** |
| 1 | 2 | 3 |
| 40% | 40% | 20% |
| **3/8 = 37,5%** | **3/8 = 37,5%** | **2/8 = 25%** |
| | | |
| **Grafiese Tekste** | | |
| **LAAG** | **MIDDEL** | **HOOG** |
| 1 | 2 | 3 |
| 40% | 40% | 20% |
| **4/10 = 40%** | **4/10 = 40%** | **2/10 = 20%** |
| **OPSOMMING VAN DENKVLAKKE: AFDELING A** | | |
| **LAAG** | **MIDDEL** | **HOOG** |
| 1 | 2 | 3 |
| 40% | 40% | 20% |
| **12/30 = 40%** | **12/30 = 40%** | **6/30 = 20%** |

Kopiereg voorbehou

Blaal om asseblief

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

LU 2 AS 2.1.5

### Nasien van die opsomming:

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning**:
  - 7 punte vir 7 tegnieke (1 punt per tegniek)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van punte vir taal:**

Sinne moet samehangend wees.
  - 1–3 tegnieke korrek: ken 1 punt toe vir taal.
  - 4–5 tegnieke korrek: ken 2 punte toe vir taal.
  - 6–7 tegnieke korrek: ken 3 punte toe vir taal.

**LET WEL:**

- **Formaat:**
  'n Opsomming in die verkeerde formaat moet ook geassesseer word.

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien 'n kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word 'n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
  - Korter opsommings wat die vereiste tegnieke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| **Bang vir sukses?** |
|---|
| 1 Visualiseer.<br>2 Skryf 'n dagboek oor jou vrese.<br>3 Vra positiewe vrae.<br>4 Beoefen positiewe selfspraak.<br>5 Omring jou met mense wat in jou droom deel.<br>6 Mediteer om jou onderbewussyn te herprogrammeer.<br>7 Lees suksesverhale. (*Lees suksesvolle boeke* is nie korrek nie.)<br>(30 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

**Nasienmemorandum/nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | AS | LU | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Wenners se styl uniek** | | | | | | |
| 3.1 | resensent √ | | 1 | 1.4 | 4 | 3 |
| 3.2 | Sy het probeer om haarself te troos./Sy het haarself probeer troos./<br>Sy het geprobeer om haarself te troos. √ | *Tweelettergrepige woorde op -eer wat die hoofklem op die tweede lettergreep dra, vorm die voltooide deelwoord met of sonder ge-, het probeer/het geprobeer.* | 1 | 2.4 | 4 | 2 |
| 3.3.1 | "gerus" /"elke"√ | *Aanhalingstekens hoef nie gebruik te word nie.* | 1 | 3.3 | 4 | 5 |
| 3.3.2 | Die woord oorreed/ beïnvloed/oortuig/ manipuleer/nooi uit/moedig aan om die boek te lees en/of aan te skaf./Dit verhoed dat die sin neutraal (afsydig)/ doodgewoon/onpersoonlik) klink./Die toon/gesindheid is vriendelik/uitnodigend.<br>Indien elke as antwoord gegee word, oorweeg motiverings rondom eksklusiwiteit/ groepsgevoel. √ | | 1 | 3.3 | 4 | 5 |
| 3.4.1 | a - von - tuur - lus - tig √ | *Lettergrepe kan op enige manier aangedui word.* | 1 | 1.3 | 4 | 1 |

Kopiereg voorbehou

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | AS | LU | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.4.2 | "op die punt om te gebeur" √ | *Kandidaat word nie gepenaliseer indien aanhalingstekens nie gebruik is nie.* | 1 | 1.3 | 4 | 1 |
| 3.5 | Het Finn interessante karaktereienskappe en vaardighede? √ | *Die vraagteken moet aan die einde van die vraagsin aangedui word, andersins is dit nie 'n vraagsin nie en verloor die kandidaat die punt.* | 1 | 2.5 | 4 | 2 |
| 3.6 | Hy kan tyd nie meer laat stilstaan nie./ Hy kan nie meer tyd laat stilstaan nie. Hy kan tyd nog steeds nie laat stilstaan nie./Hy kan nog steeds nie tyd laat stilstaan nie.√ | *Aangesien die ontkennende vorm van <u>nog steeds</u>* ***nie meer nie*** *is, word die volgende twee antwoorde nie aanvaar nie. (Hy kan tyd nie nog steeds laat stilstaan nie. Hy kan nie tyd nog steeds laat stilstaan nie.)* | 1 | 2.10 | 4 | 3 |
| 3.7 | Louwrens het 'n unieke aanslag in haar skryfwerk, gevolglik slaag die boek daarin om tienerkwessies op 'n nuwe manier te belig./Louwrens het 'n unieke aanslag in haar skryfwerk; gevolglik het die boek daarin geslaag om tienerkwessies op 'n nuwe manier te belig.√ | *Die woordorde van die tweede sin moet verander. Die leesteken voor die voegwoord word nie geassesseer nie. Kandidaat kan nie die antwoord met die tweede sin begin nie.* | 1 | 2.2 | 4 | 3 |
| 3.8 | Katie se anderse verhouding met Finn **sal** hoërskoolmeisies **boei.** √ | | 1 | 2.8 | 4 | 3 |
| **Nuwe Valentynsvoëls van anderste vere** | | | | | | |
| 3.9 | gevleu<u>e</u>lde √ | | 1 | 1.1 | 4 | 4 |
| 3.10 | daardie/ hierdie/ dié √ | *Die akuutteken moet op die lidwoord "die" aangebring word.* | 1 | 2.1<br>2.2 | 4 | 3 |
| 3.11 | Die spreker sê aan sy/haar allerliefste/geliefde dat hy/sy vir haar/hom 'n duif stuur./ Die spreker sê dat hy/sy vir haar/sy allerliefste/geliefde 'n duif stuur./Die spreker sê vir sy allerliefste hy stuur vir haar 'n duif. √√ | *Die kandidaat moet die antwoord in <u>dieselfde tydsvorm</u> aanbied as wat dit in die vraag geformuleer is. Geen dubbelpunt en/of aanhalingstekens mag in die antwoord aangebied word nie.* | | | | |

Kopiereg voorbehou

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | AS | LU | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | *Die korrekte voornaamwoorde moet gebruik word. Ken een punt toe vir korrekte gebruik van voornaamwoorde en die ander punt vir korrekte woordorde Die antwoord hoef nie "dat" in te sluit nie.* | 2 | 2.9 | 4 | 2 |
| 3.12 | Twee stamme/basisse/ sentrale morfeme/ Samestelling van selfstandige naamwoord + selfstandige naamwoord/ Dis twee woorde wat saamgevoeg is. √ | | 1 | 1.4 | 4 | 1 |
| 3.13 | herinnerinkie √ | *Antwoord moet slegs in die enkelvoud aangebied word.* | 1 | 1.7 | 4 | 1 |
| 3.14 | D/vervloë √ | | 1 | 2.3 | 4 | 3 |
| 3.15 | Konstabel het by Gertie begin vlerksleep./ Hy sleep vlerk by sy droommeisie. √ | *Die kern van die antwoord, nl. vlerksleep/sleep vlerk/vlerkgesleep moet in die antwoord voorkom.* | 1 | 2.13 | 4 | 3 |
| 3.16 | My bekkie <u>wat groot kan oopmaak</u>, is skérp. My bekkie wat rooi is, is skérp.√ | *Die kandidaat mag sy eie sin maak solank die onderwerp, <u>My bekkie</u>, uitgebrei word. Daar moet 'n gesegde in die bysin voorkom. "Elke bysin bevat <u>minstens een hoofwerkwoord</u>."* | 1 | 2.6 | 4 | 3 |
| 3.17 | Ek gaan jou slegsê as jy met my sukkel./ Ek gaan jou slegsê as jy my verwerp/los./ My woorde gaan jou seermaak./Ek gaan met jou raas./My woorde sal jou kwets. √ | *Die kandidaat mag sy eie antwoord binne die konteks van die teks aanbied. Die antwoord moet op <u>figuurlike vlak</u> aangebied word.* | 1 | 3.1 | 4 | 5 |
| **Skryf 'n lawwe liedjie** | | | | | | |
| 3.18 | Ja. Die lettertipe trek baie aandag./ Die lettertipe lyk soos 'n (klank)-kasset (wat uitrafel)./ Die lettertipe vloei soos musieknote./ | *Die motivering bepaal die punt, 2 of 0. Die kandidaat mag sy eie gemotiveerde antwoord binne konteks van die teks* | | | | |

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | AS | LU | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Die lettertipe vloei soos musiek./Musiek word in jou kop geskep en die letters vloei uit die karakter se kop./Die lawwe lettertipe ondersteun die idee van 'n lawwe liedjie.<br>Nee.<br>Jy moet 'n CD met musiek instuur./Die letters is moeilik om te lees./Die lettertipe het niks met die skryf van liedjies te doen nie. √√ | *aanbied.*<br>*Motivering moet by Ja of Nee pas, kandidaat mag nie weerspreek nie.* | 2 | 3.2 | 4 | 5 |
| 3.19 | gewon<u>e</u>/alledaags<u>e</u>/<br>normal<u>e</u>/ordinêr<u>e</u>/eenvoudig<u>e</u>√ | | 1 | 3.3 | 4 | 3 |
| 3.20 | Jy moet 'n lied skryf./<br>Deelnemers moet uiting gee aan 'n vrolike gevoel deur 'n liedjie te skryf./<br>Deelnemers moet wys hoe hulle voel deur 'n liedjie te skryf./<br>Deelnemers moet 'n (vrolike) lied skryf./<br>Skryf oor iets wat in jou hart roer. √ | *Kern van die antwoord is skryf.* | 1 | 3.1 | 4 | 3 |
| 3.21 | stokoud/horingoud/beenoud/<br>oeroud √ | *Intensiewe vorme moet as een woord aangebied word.* | 1 | 1.6 | 4 | 1 |
| 3.22 | Die boot se roer is stukkend./<br>So reg soos 'n roer./<br>In rep en roer wees./<br>Die skoolhoof staan by sy skool aan die roer van sake./<br>Die boer is sinoniem met sy roer. √ | *Die kandidaat moet sy eie sin met* ***roer*** *as 'n selfstandige naamwoord aanbied.*<br><br>*Roer is 'n toestel aan 'n vaartuig waarmee dit gestuur kan word: Die boot se roer is stukkend.*<br>*Roer kan ook bestuur beteken, aan die roer van iets wees: Wie is aan die roer van sake hier?*<br>*Roer is die verouderde vorm van geweer.* | 1 | 2.1<br>2.2 | 4 | 3 |
| 3.23 | beter √ | *Indien die kandidaat al drie die trappe van vergelyking aangebied het, moet die korrekte antwoord duidelik onderskei word van die ander woord, bv.* | | | | |

Kopiereg voorbehou

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | AS | LU | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | *deur die korrekte woord te onderstreep.* | 1 | 1.6 | 4 | 1 |
| 3.24 | o.l.v. √ | *Die punktuasie moet korrek wees, andersins 0.* | 1 | 1.2 | 4 | 1 |
| 3.25 | woorde/verse/teks(te)/ liedteks(te)/liedjiewoorde/ gevoelspoësie √ | | 1 | 1.9 | 4 | 3 |
| 3.26 | D/nuutskepping/neologisme √ | *Die kandidaat mag die letter of die woord as antwoord aanbied. (Rekenaarterme word as nuutskeppings beskou.)* | 1 | 1.7 | 4 | 1 |
| | | | **30** | | | |

| **OPSOMMING VAN DENKVLAKVERHOUDING AFD. C : Vraag 3** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **BARRETT SE TAKSONOMIE** | | | | | |
| | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | **Vlak 5** |
| **Teks 1** | 2 | 2 | 4 | | 2 |
| **Teks 2** | 2 | 2 | 4 | 1 | 1 |
| **Teks 3** | 4 | | 4 | | 2 |
| **TOTAAL** | **7** | **5** | **12** | **1** | **5** |

| **VLAK** | **BARRETT** | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 uit die 30 punte | 23 | 12 uit 30 punte<br>40% | Laag |
| 2 | 5 uit die 30 punte | 17 | | |
| 3 | 12 uit die 30 punte | 40 | 12 uit 30 punte<br>40% | Middel |
| 4 | 1 uit die 30 punte | 10 | 6 uit 30 punte<br>20% | Hoog |
| 5 | 5 uit die 30 punte | 10 | | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou